## UITDEELSTUK TEKSDELE:

| *1. Vernuwe jou denke:* | |
|---|---|
| Rom 12:2 | Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. |
| ***Vraag 1**: **Wat beteken hierdie versie?***<br><br>***Vraag 2**: **Hoekom is dit belangrik?***<br><br>***Vraag 3**: **HOE doen ek dit?*** | |

| *2. My liggaam is 'n tempel van God:* | |
|---|---|
| 1 Kor 6:19-20 | Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik. |
| Vraag 1: Wat beteken hierdie versie?<br>Vraag 2: Hoekom is dit belangrik?<br>Vraag 4: Hoe is dit deel van my transformasie?<br>Vraag 3: HOE doen ek dit? | |

| *3. Bewaak jou hart / rein hart* | |
|---|---|
| Spr 4:23 | Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe |
| Luk 6:45 | Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor |
| Vraag 1: Wat beteken hierdie versie?<br>Vraag 2: Hoekom is dit belangrik?<br>Vraag 3: HOE doen ek dit?<br>Vraag 4: Hoe is dit deel van my transformasie? | |

| *4. Bekeer jou tong!* | |
|---|---|
| Matt 12:34 - 37 | Julle slange! Hoe kan julle wat sleg is, iets goed sê? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart. "Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinninge woord wat die mens sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word" |
| Spr 18:21 | Die tong het mag oor doo den lewe; die wat lief is om te praat, sal die gevolge dra. |
| Vraag 1: Wat beteken hierdie versie?<br>Vraag 2: Hoekom is dit belangrik?<br>Vraag 3: HOE doen ek dit? | |